



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:


AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C: Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A: 80 minute
AFDELING B: 40 minute
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde oor dié onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 **AS EK MAAR NET NA MY OUERS GELUISTER HET ...**



[Uit: *Image Library*]

Jou ouers het jou gewaarsku om nie daardie dag by verkeerde vriende te kuier nie, maar jy wou nie luister nie. Toe gebeur daar iets waarvoor jy nou baie jammer is.

Skryf 'n **opstel** waarin jy **vertel** wat daardie dag saam met verkeerde vriende gebeur het en waarom jy nou so jammer is.

[50]

1.2 **Behoort vroue en mans dieselfde soort werk te doen?**

Daar is werk wat net vir mans bedoel is en werk wat net vir vroue bedoel is.

Skryf 'n **opstel** waarin jy oor hierdie stelling **argumenteer** en sê of jy saamstem of nie.

[50]

1.3

EK HET DIT NIE GEDOEN NIE!



[Uit: Google Images]

Jy is vals beskuldig dat jy jou onderwyser se motorsleutel gesteel het. Later is die motorsleutel in die onderwyser se motor gevind.

Skryf 'n **opstel** waarin jy **beskryf** hoe jy daardie dag gevoel het toe jy verkeerdelik beskuldig is.

[50]

1.4

**Moet ek my eie blyplek kry,
of
moet ek nog by my ouers bly?**

Jy het nog altyd gewonder hoe dit sal wees om in jou eie blyplek te bly. Sal dit die regte besluit wees? Sal jy alleen kan regkom? Hoe sal jou ouers hieroor voel?

Skryf 'n **opstel** waarin jy **wonder** wat die regte ding is om te doen.

[50]

1.5

As Pa en Ma oud word



[Uit: Image Library]

Dit is lekker om ouers te hê. Maar wat word van ouers as hulle oud word? Moet ouers by hulle kinders woon of moet hulle na 'n plek gaan waar ander mense na hulle kyk?

Skryf 'n **opstel** waarin jy **redeneer** wat die beste vir ouers sal wees.

[50]

1.6

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet by die prent aanpas.


1.6.1



[Uit: Art Explosion]

[50]**OF**

1.6.2



[Uit: *Vroukeur*, 18 Maart 2011]

[50]

1.6.3



[Uit: *Google Images*]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde oor dié onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

[Uit: Google Images]

Jou maat het verlede week sy/haar bestuurderslisensie gekry. Hy/Sy is baie opgewonde daaroor en beplan om saam met vriende per motor te gaan vakansie hou.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar gelukwens met die bestuurderslisensie, maar ook waarsku om versigtig te bestuur.

[30]


2.2 DIALOOG

Jy is verbaas om jou sportheld/in in 'n winkelsentrum naby julle huis te sien. Jy gesels met hierdie persoon oor sy/haar loopbaan.

Skryf die **dialoog** wat tussen julle plaasgevind het, neer.

[30]

2.3 KOERANTBERIG

HOND RED KIND SE LEWE

[Uit: *Huisgenoot*, 21 April 2011]

Gebruik die koerantopskrif en skryf 'n **berig** vir julle plaaslike koerant.

[30]

2.4 TOESPRAAK



[Uit: www.free-clipart-pictures.net]

Dit is jou beste maat se agtiende verjaarsdag. Sy ouers het vir hom 'n partytjie gereël en jou gevra om 'n toespraak te hou. In die toespraak moet jy jou maat gelukwens en 'n paar interessante dinge uit sy lewe vertel.

Skryf die **informele toespraak** neer.

[30]

TOTAAL AFDELING B:

30

AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 3**

Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.

Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 POSKAART

Jy is 'n finalis in die Suid-Afrika 2011-Danskompetisie. Vertel jou maat van jou voorbereidings voor die groot aand en hoe jy daarvoor voel.

Teken die **poskaart** in jou antwoordeboek oor en vertel van jou voorbereidings. Onthou om 'n adres op die poskaart te skryf.

POSKAART	<div data-bbox="1219 819 1315 913" style="border: 1px solid black; width: 60px; height: 42px; margin: 0 auto;"></div> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/>
-----------------	---

[20]**3.2 ADVERTENSIE**

Jy wil tydens die skoolvakansie ekstra sakgeld verdien. Jy besluit om kinders op te pas terwyl die ouers werk toe gaan.


Stel 'n **advertensie** op waarin jy dié diens adverteer. Noem waarom die ouers op jou kan staatmaak om hulle kinders op te pas, hoeveel jou dienste per dag kos, met watter aktiwiteite jy die kinders besig sal hou en ander relevante inligting.

[20]

3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jou skool het vir Dozi, die sanger, uitgenooi om by julle te kom sing. Jy moet vir Dozi verduidelik hoe hy vanaf sy hotel in President Steynstraat moet ry om by die skool se parking uit te kom.

Gebruik die pyltjies en gee SEWE instruksies hoe hy moet ry. Noem straatname en ten minste twee bakens soos geboue, ensovoorts, wat hom sal help om nie te verdwaal nie.



TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100